

Die Seun is verhewe bo die engele (III) (OP76)

Heb 1:10-13

13 Februarie 2022

Vandag is dit die derde keer dat ons stilstaan by die bewyse wat die Hebreërskrywer gee vir die stelling in vers 4: “Die Seun is verhewe bo die engele”. In verse 4-6 was sy motivering dat die Seun meer verhewe is omdat Hy die Seun van God is – die Heilige Gees het Hom as mens in Maria verwek. Geen engel was ooit op hierdie manier die Seun van God nie. In verse 7-9 was sy motivering dat die Seun meer verhewe is omdat Hy die ewige Koning is wat regeer volgens die beginsel van geregtigheid. Geen engel was ooit so ‘n koning nie. Trouens engele is die dienaars en boodskappers van hiërdie Koning. Vandag kom ons by die volgende motivering van die Hebreërskrywer, in verse 10-13, en dit kan opgesom word as: Die Seun is verhewe bo die engele want Hy is in beheer van die skepping. Kom ons kyk hierna.

Vers 10 begin met die woordjie “En”, in die NAV “En verder” – dit onderstreep juis wat ek sopas gesê het, die skrywer herinner ons dat wat hierna volg ‘n verdere motivering is vir die stelling in vers 4. Lees verse 10-13. Duidelik kom daar twee Ou Testamentiese aanhalings voor in hierdie paar verse. Die eerste aanhaling is in verse 10-12, en dit is ‘n aanhaling van Ps 102:26-28, en die tweede aanhaling is in vers 13, hierdie aanhaling kom uit Ps 110:1. Ek wil hierdie paar verse oordink deur na hierdie twee aanhalings te kyk. Kan ek ook net die opmerking maak: Ek leun vandag baie sterk op die inhoud wat Pink in sy kommentaar geskryf het, veral wat die eerste aanhaling aanbetref.

Heb 1:10-12: Die Seun is in beheer van die skepping

Soos ek gesê het, is hierdie ‘n aanhaling uit Ps 102:26-28. Duidelik onderstreep vers 10 die feit dat die Seun die Skepper is – dit het ons al vantevore gesien in vers 2, en word ook elders in die Nuwe Testament bevestig. Die basiese argument van die Heilige Gees deur die Hebreërskrywer is dus: Die Seun is meer verhewe as die engele, want Hy is die Skepper. Daarteenoor is die engele skepsels wat deur die Seun as Skepper geskep is. Hy moet dus noodwendig meer verhewe wees as hulle.

Maar, hierdie is een van die mees aangrypende aanhalings wat die Hebreërskrywer nog gebruik het in hierdie hoofstuk. Wat dit so aangrypend maak, is dat ons na die konteks van Ps 102:26-28 moet gaan kyk om iets te verstaan van wat die implikasies is van wat die Heilige Gees hier vir ons wil sê. Die feit dat hierdie aanhaling hier in Heb 1 gemaak word en van toepassing gemaak word op die Seun, beteken dat ons weer na Ps 102 moet gaan kyk in die lig van die feit dat verse 26-28 oor die Seun handel. Dit beteken hierdie psalm is ook ‘n Messiaanse psalm – dit is hoe Heb 1 onder die leiding van die Heilige Gees dit gebruik. Die psalm handel dus oor die Seun. As ons die psalm in hierdie lig lees, kry ons insae in die siel van die Seun, kry ons insae veral in wat dit beteken het dat Hy, behalwe dat Hy God was (soos wat ons laasweek gesien het), ook volkome mens was. Ons kry insae in wat die effek op Hom as mens was toe Hy verwerp was, op hoe Hy Sy lyding beleef het. Ons sien hoe volkome mens Hy werklik was. Ons sien hoe Hy werklik die man van smarte was.

Kom ons blaai na Ps 102 toe. Ons gaan nou deur die Psalm lees. Let op wanneer ons dit lees: As dit nie was dat Heb 1:10-12 vir ons die sleutel gegee het dat wat in hierdie psalm gesê word oor die Seun handel nie, sou ons gedink het dit gaan maar net oor die gebed van ‘n hulpelose persoon wat wanneer dit met hom sleg gaan, sy klag voor die Here uitstort (Ps 102:1). Maar die hulpelose persoon is ten diepste die Seun van God! Kom ons lees verse 1-12:

- Pink skryf dat wat ons in hierdie verse lees was waarskynlik die inhoud van die Here Jesus se gebed in Getsemane die aand voor Sy kruisiging, of anders moontlik tydens daardie drie ure van duisternis aan die kruis.
- In verse 2-3 pleit Hy by die Here in Sy nood. Hy pleit dat die Here tog sal luister na Sy gebed en nie afsydig sal wees nie. Hy pleit: hoor tog gou My gebed. Hierdie gebed is sekerlik 'n gebed waarmee enige mens wat al in die nood was hom kan vereenselwig.
- Verse 4-11 gee vir ons insig in wat die nood behels wat Hy beleef.
 - Die lyding behels onder andere fisiese lyding (vers 4b-6). Dit voel asof Sy liggaam aan die brand is en uitdroog. Hy het alle eetlus verloor en is net vel en been van al die pyn. Kan ek jou herinner aan die fisiese pyn wat die Seun beleef het veral tydens die geseling na Hy oorgelewer is om gekruisig te word, en natuurlik ook tydens die kruisiging self.
 - Die lyding behels ook eensaamheid – soos 'n pelikaan of uil of 'n eensame voël (v7-8). Dink aan hoe dikwels mense hulle rug op die Seun gedraai het. Dink hoedat selfs Sy dissipels Hom verlaat het tydens die kruisiging. Dink aan Petrus wat Hom verloën het. Dink aan Sy uitroep aan die kruis: “My God, My God, waarom het U My verlaat?”
 - Die lyding behels ook vernedering deur Sy vyande (vers 9). Dink aan hoe hulle Hom gespot het tydens Sy lewe op aarde, veral aan die einde daarvan. Dink aan die valse beskuldigings van die Jode, die spot deur die soldate tydens Sy geseling, die spot van die verbygangers terwyl Hy aan die kruis gehang het.
 - Die lyding bereik 'n klimaks in verse 10-11: Die Seun beskryf dat Hy die toorn en gramskap van God beleef. Hy beleef dat God Hom verwerp en weggegooi het!
 - Vers 4a en vers 12 maak duidelik dat die nood waarin Hy is, ernstig is. Hy beleef dat Sy dae soos rook verdwyn, dit is so erg dat Hy selfs oortuig is die einde van Sy lewe is naby.

Sien jy wat hier gebeur? Die lyding van die Here Jesus het nie ongemerk by Hom verbygegaan nie. Hy het dit intens beleef: die fisiese lyding, die eensaamheid, die ongeregverdigde vernedering deur Sy vyande, en veral dat Hy die fokus was van God se toorn en gramskap. Ons dink dikwels Hy was God, en dus in Sy almag was die swaar van die lyding vir Hom minder erg. Maar wat ons hier lees, is dat Hy ook volkome mens was. En soos enige ander mens beleef Hy hierdie lyding intens. Dit is hoekom Pink sê ons kry hier insae in Sy siel.

In verse 13-23 verander die toon egter heeltemal. Hier vind ons 'n beskrywing van hoe die Seun binne die nood waarin Hy verkeer, staande gebly het. Ons lees van 'n hoopvolle vooruitsig wat Hy te midde van Sy nood voor oë gehou het, en wat Hom in Sy nood staande gehou het:

- Vers 13 beskryf dat Hy vashou aan die feit dat die Here God vir altyd heers en daar is van gesag tot geslag, en dus ook nou te midde van Sy nood. In vers 14 is Hy oortuig, die Here sal ingryp. Maar let op wat die doel met God se ingrype sal wees: Hy sal Hom oor Sion ontferm, Hy sal aan Sion genade bewys. Natuurlik verwys Sion na die Here se volk. As die Seun hier worstel, hou Hy vas aan die feit dat die bestemde tyd gekom het dat God genade aan Sy volk sal bewys! In vers 15 skaar die Seun Hom by die lede van die volk. Hy, saam met hulle, is bewoë oor die nood waarin Sion verkeer, maar tog ook opgewonde oor wat God nou gaan doen.
- In verse 16-17 verlustig Hy Hom in wat die Here gaan bewerkstellig: Nasies sal die Here vrees, en konings sal Sy mag vrees – want die Here gaan Sion herstel en opbou.

- In vers 18 verlustig Hy Hom in die wete dat die Here na gebede luister en dit nie verag nie. In vers 20-21 sê Hy dat God vanuit die hemel kyk en bewus is van wat op aarde gebeur, en dat Hy ingryp en bevryding bring.
- Verse 22-23 beskryf dan die doel met dit alles: “Hulle sal die Naam van die Here in Sion besing en Sy lof in Jerusalem, wanneer die volke en die koninkryke bymekaarkom om die Here te dien”!

In verse 13-23 sien ons dus dat die Seun te midde van Sy nood verder kyk. Hy kyk verby die sigbare dinge en hou vas aan die onsigbare dinge – die dinge wat nog moet realiseer. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis en die lyding tydens Sy lewe hier op aarde verduur sonder om daarvoor terug te deins (vgl Heb 12:2) Ter wille van wat die Here daardeur wou bewerk, het Hy deur die lyding gegaan.

In verse 24-25 lees ons opnuut van die worsteling van die Seun. Hy worstel met die feit dat die Here Hom deur hierdie lyding neem terwyl Hy nog jonk is, dat die Here Hom wil wegneem in die fleur van Sy lewe. Ons weet dat Sy lyding aan die einde van Sy lewe op ‘n vroeë ouderdom gekom het – op ‘n ouderdom van 33 jaar, en dit terwyl Ps 90 ons leer dat ‘n tipiese lewe 70 of 80 jaar is. Weereens is dit belangrik dat ons raaksien dat hierdie saak ook nie ongemerk by die Seun verbygegaan het nie. Ons sou wou redeneer hoe gouer hoe beter, want dan kan Hy terugkeer na die heerlikheid wat Hy by Sy Vader gehad het. Maar wat ons hier sien, is dat Hy werklik mens was. Netsoos ons worstel wanneer ons meegedeel word ons kan verwag om op jong ouderdom te sterf, so het Hy ook daarmee geworstel. Hier is nog een van daardie misteries: hoe skakel die mensheid en die Godheid van die Seun inmekaar? Ons het nie volledige insig hierin nie – maar hier kry ons ‘n aanduiding van hoe groot Sy worsteling as volkome mens was oor die lydendebeker wat Hy moes drink.

Dit alles bring ons by verse 26-28 – die verse wat die Hebreërskrywer aanhaal. Lees verse 26-28. As jy net Ps 102 sou lees, skep dit die indruk dat hierdie verse gesê word deur die persoon wat in nood was en wat in die psalm in gebed sy nood voor die Here gebring het. Dit lyk of die inhoud van die verse ‘n beskrywing is van die Here deur die persoon in nood. As jy die verse in Ps 102 egter vergelyk met die aanhaling in Heb 1:10-12 is daar ‘n opmerkbare verskil: In Heb 1:10 word “Here” ingevoeg. Die “U” waarna verwys word in Heb 1:10 is natuurlik die Seun. En die inhoud van verse 10-12 is ‘n beskrywing van die werk van die Seun. Alhoewel daar in Ps 102:26-28 geen aanduiding is dat die inhoud van die verse spesifiek die werk van die Seun beskryf nie, is dit wel hoe Heb 1 onder leiding van die Heilige Gees dit wel doen. Daarom, redeneer Pink, is Ps 102 ‘n Messiaanse psalm. Wat in Ps 102 van die Here gesê word, word dus in Heb 1 aan die Seun toegeskryf. Voeg hierby dat die Seun as “Here” aangespreek word in Heb 1, en ons het verdere bewys dat die Heilige Gees getuig die Vader en die Seun is Een, en beide is Here. Daar is natuurlik verskeie ander geleenthede waar die Seun ook as Here beskryf word: Dink aan Matt 22:43-45 waar ons lees dat Dawid Hom Here genoem het in Ps 110: “Die Here het vir My Here gesê: Sit aan my regterhand”, of dink aan die engel wat aan die skaapwagters in Luk 2:11 sê: “Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here”. Sy dissipels het Hom ook Here genoem (Joh 13:13), Thomas het Hom “My Here en My God” genoem (Joh 20:28), en in Rom 1:4 noem Paulus Hom “Jesus Christus ons Here”. Maar hier in hierdie aanhaling in Heb 1 is dit die Vader wat die Seun Here noem!

Maar hoe moet ons verse 26-28 in die konteks van Ps 102 verstaan? Onthou in verse 24-25 het die Seun geworstel met die feit dat Hy in die fleur van Sy lewe moet sterf. Pink redeneer ons moet verse 26-28 sien as ‘n antwoord vanuit die hemel aan die Seun te midde van hierdie worsteling. Kom ons kyk of dit sin maak as ons na die inhoud van die verse kyk:

- Vers 26 beskryf dan dat die Seun in die begin die aarde en die hemel gemaak het. Dit strook natuurlik met wat ons al in Heb 1:2 gelees het, en wat ook in verskeie ander gedeeltes in die Nuwe Testament bevestig word – God die Vader het in die begin deur God die Seun alles geskep. Die feit dat die Seun die Skepper is, onderstreep twee dinge: aan die een kant beteken dit Hy was van voor die Skepping reeds daar, en aan die ander kant onderstreep dit natuurlik Sy almag.
- Vers 27 beskryf dat hierdie geskape hemel en aarde sal vergaan – soos wat ‘n kledingstuk vergaan. Dit strook natuurlik met wat ons lees in byvoorbeeld 2 Pet 3:10, dat op die dag van die Here, dus met die wederkoms, die hemel met ‘n groot gedruis sal verdwyn, die hemelliggame sal brand en tot niet gaan en die aarde met alles wat daarop is, sal vergaan. Wat uit Heb 1 duidelik word, is dat dit juis die Seun sal wees wat dit alles sal bewerk. Dit is Hy wat dit alles gaan oprol en by hulle einde bring.
- Wat ook duidelik word uit verse 27-28 en die ooreenstemmende gedeeltes in Heb 1, is dat ten spyte van die feit dat daar soveel verandering in die skepping plaasvind, bly die Seun dieselfde, en Sy jare het geen einde nie! Die Seun is nie net ewig nie, Hy is ook onveranderlik – Hy bly dieselfde.

Begryp jy die aangrypende antwoord wat uit die hemel vanaf die Vader gekom het na die Seun toe, toe Hy geworstel het met hoekom Hy in die fleur van Sy lewe moet sterf? Die antwoord is: Onthou, U is die Skepper van alles. U is ook die Een wat alles gaan oprol en by hulle einde bring. Maar, onthou ook, ten spyte van al hierdie veranderinge, bly U dieselfde! Dit is waarskynlik die bemoediging wat die Here Jesus in Getsemane van die Vader ontvang het: U moet nou sterf, selfs op ‘n jong leeftyd. Daardeur sal die herstel van Sion moontlik word. Daarna kom heers U as Koning vir ewig. U sal selfs die skepping aan die einde oprol. Ten spyte van die feit dat U nou moet sterf in die fleur van U lewe, bly U bly steeds dieselfde – U sal steeds die Seun van God wees, U sal steeds die ewige Koning wees wat ewig regeer. Die sterwe van die Seun beteken dus nie Sy einde nie. Dit is ‘n noodsaaklike stap in die uitwerk van God se plan, maar verander nie die wese van die Seun nie.

Heb 1:13: Die Seun sit aan die regterhand van die Vader

In vers 13 vind ons die laaste aanhaling in Heb 1. Steeds gaan dit oor die feit dat die Seun meer verhewe is as die engele – in die OAV begin die vers weer met ‘n “en”, soos vers 10. Die argument van die Hebreërskrywer hierdie keer is dat die Vader nooit enige engel uitgenooi het om aan Sy regterhand te sit nie, terwyl die Vader wel die Seun uitgenooi het – dus moet die Seun meer verhewe wees as die engele.

Hierdie keer haal die skrywer Ps 110:1 aan. Ek vertrou ons is almal vertrou daarmee dat Ps 110 ‘n Messiaanse psalm is. Dit is ‘n Psalm wat dikwels in die Nuwe Testament aangehaal word. Boonop bevestig hierdie aanhaling wat ons reeds in Heb 1:3 gelees het, naamlik dat die Seun aan die regterhand van die Vader gaan sit het. Ons het toe ons ‘n paar weke gelede na hierdie vers gekyk het opgemerk die feit dat die Seun “sit” én die feit dat Hy aan die regterhand van die Vader sit, dui beide daarop dat Hy in ‘n posisie van gesag is.

Maar kom ons dink oor die gedeelte van die aanhaling wat sê “totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het”. Kan ek twee opmerkings hieroor maak:

- Hoe moet ons die “totdat” verstaan? Beteken dit dat die Seun nie meer aan die regterhand van die Vader sal sit na die wederkoms nie? In ‘n sekere sin is dit so dat die Seun met die wederkoms na die aarde toe gaan kom, maar ek is nie oortuig dat Hy dan nie meer aan die regterhand van die Vader sit nie. Hy kom dan juis om te oordeel, wat juis Sy posisie van

gesag onderstreep. En ons het laasweek gesien dat Sy koninkryk 'n ewige koninkryk is. Alhoewel Hy met die wederkoms die koninkryk aan God oorhandig, is dit steeds die troon van God én die Lam wat in die Nuwe Jerusalem is. Hewitt sê in sy kommentaar “totdat” kan ook vertaal word met “terwyl”. Dus “Sit aan My regterhand, terwyl Ek jou vyande aan jou onderwerp”.

- Wie is dit wat die vyande van God onderwerp? Is dit die Vader of die Seun? Hier klink dit asof dit die Vader is, maar dit is tog die Seun wat die stryd voer in Openbaring, en wat op die ou end die skepping gaan oprol? Ps 110:2 sê oor die Seun: “As die Here die septer, simbool van U mag, uit Sion aan U oorhandig, heers dan oor U vyande!” – hier lyk dit asof dit die Seun is wat die vyande sal oorwin, terwyl Ps 110:5 sê: “Die Here gee die oorwinning”. Lees ook Ps 2:6-9. Hier sien ons dat dit die Vader is wat die Seun as Koning gesalf het (vers 6), en dat dit dan die Seun is wat van die Vader volke as eiendom vra (vers 8), en hulle dan verpletter met sy ystersepter (vers 9). Soos met die skepping, soos met Sy verlossingswerk, tree die Seun op in opdrag van die Vader. Die Seun en die Vader is Een.

Toepassings

Ek wil vandag volstaan met een toepassing, en dit kom grotendeels uit ons oordenking van Ps 102.

Ons het gesien dat as ons die psalm lees sonder om die aanhaling in Heb 1 in gedagte te hou, is die psalm 'n gebed van 'n persoon wat worstel met sy lyding. Die aanhaling in Heb 1 werp egter lig daarop dat hierdie psalm ook die worsteling van die Seun beskryf. As dit dus beide die worsteling van 'n persoon in nood en die worsteling van die Seun beskryf, moet hier riglyne vir ons wees wanneer ons lyding beleef.

Kom ons dink eers oor die tipe lyding wat beskryf word: Ons het gesien dit het fisiese lyding ingesluit, asook eensaamheid, en vernedering deur vyandige mense. Dit was so intens dat die persoon dit beskryf as die toorn en gramskap van God wat hom getref het, en dat hy deur God verwerp en weggegooi is. Is dit lyding waarmee jy kan identifiseer? Ek dink dat die meeste van ons sal sê ons beleef iets hiervan. Miskien ly jy fisies: Dit kan wees weens siekte, dit kan wees weens armoede, dit kan wees as gevolg van talle bekommernisse wat jou uitmergel. Miskien ly jy aan eensaamheid: Dit gebeur dikwels wanneer mense ouer word – kinders verlaat die huis, en miskien selfs die land, jy hou op werk en het gevolglik minder kontak met ander, jou lewensmaat sterf, met die gevolg jy is eensaam. Miskien ly jy deur die vernedering van ander mense: Dit kan by die werk wees, dit kan iemand naby aan jou wees, dit kan weens jou geloof wees deurdat jy streef om te doen wat reg is, maar ander maak jou bespotlik daarvoor. Miskien ervaar jy verskeie van hierdie vorms van lyding gelyktydig, sodat dit vir jou voel asof selfs God jou verwerp en weggegooi het. Wel, die Seun het dit alles beleef as volwaardige mens.

Die eerste troos vir ons is dat dit nie ongemerk by die Seun verbygegaan het nie. Hy het intens hiermee geworstel – selfs tot op die punt waar Hy bloed gesweet het. Gelowiges hoef dus nie 'n front voor te hou dat hierdie dinge hulle glad nie ontstel nie. Lying is 'n werklikheid en dit kan intens wees, en dit is nie 'n teken van ongeloof om daarmee te worstel nie. Gelowiges skud nie maar lying net af nie.

Maar wat was die reaksie van die Seun toe Hy hierdie lying ervaar het? Hy het Homself herinner aan daardie heerlike waarheid dat die bestemde tyd aanbreek het dat die Here Sion gaan herstel! Hy het vasgehou aan die heerlike toekoms wat gaan realiseer. En dit is wat ek en jy ook moet doen in ons lying. Daar kan 'n tyd kom in ons lying dat ons verstaan ons gaan nie weer gesond word nie, ons eensaamheid gaan nie ophou nie, die wêreld gaan nie verdraaglik word teenoor my

geloofsoortuigings nie. Wel, dan moet ons onthou: Hierdie wêreld is nie ons eindbestemming nie. Nee, daar is 'n heerlijkheid wat wag vir elke gelowige. Hierdie heerlijkheid het juis 'n werklikheid geword toe die Seun hierdie lyding ervaar het. Soos Hy vasgehou het aan daardie heerlijkheid wat Hy sou bewerk deur Sy lyding heen, so moet ons vashou aan daardie heerlijkheid wat Hy bewerk het. Gaan verdiep jou in hoe heerlik daardie heerlijkheid is – dit is hoekom ek einde laasjaar 'n aantal preke gemaak het oor wat gelowiges kan verwag as hulle sterf. Jou sterwe is hoegenaamd nie die einde nie - dit is die begin van daardie heerlijkheid!

Maar kan ons seker wees daardie heerlijkheid sal realiseer? Ja, absoluut! Want sien: die Seun en die Vader is Een. Die Vader het juis deur die Seun alles geskep. Die Vader onderhou alles deur die Seun. Aan die einde sal die Vader deur die Seun al Hulle, en ook jou, vyande oorwin. Dit sal die Seun wees wat alles oprol en dan die koninkryk, waarvan jy deel is, aan die Vader sal oordra. Hierdie Seun is reeds Koning met alle mag. Maar Hy is ook Koning vir ewig. Hy regeer juis volgens die beginsel van geregtigheid – daardie beginsel waarvoor jy as gelowige ook lief geword het. Die Vader het juis vir die Seun gesê, al vergaan alles: "U bly dieselfde, U jare het geen einde nie". Daarom sal daardie koninkryk van geregtigheid realiseer – die Vader en die Seun is onveranderlik op pad soontoe.

Die punt van lyding is dat die Here ons ontnugter deur die kortstondigheid, sondigheid en leegheid van hierdie lewe. Daarteenoor is die heerlijkheid wat Hy bewerk ewig, gevul met geregtigheid en gevul met Homself tot Sy eer. En Hy verander nie van gedagte nie!